Kenners steun minister se plan

Alet Rademeyer

JOHANNESBURG. – Akademici is nie almal oortuig dat die nuwe voorgestelde wetwysigings aan die Skolewet net sleg is nie.

Heelparty steun mev. Naledi Pandor, minister van onderwys, se idee dat beheerliggame meer betrokke moet wees in die versekering van gehalte-onderrig by skole. Die vraag is egter hoe dit in die praktyk moet werk.

Prof. Jan Heystek, verbonde aan die fakulteit opvoedkunde by die Universiteit Stellenbosch, sê ouers het die reg om in die aanstellingproses aanbevelings te maak. Die gevolg is dat die aanbevole persoon meestal aangestel word indien die regte prosedure gevolg word.

"Hoekom kan ouers dan nie die verantwoordelikheid gegee word om aan te beveel dat daar teen onderwysers opgetree word wanneer hulle werk nie op standaard is nie?

"Die probleem is dikwels dat vakbonde hul lede wil beskerm en dat onderwysers weet hulle kan nie weggejaag word nie, omdat daar nie ander is om hulle te vervang nie."

Volgens Heystek moet beheerliggame op 'n "mooi manier" kan mag uitoefen om te sorg dat onderrig op peil is.

"Soms gaan kla ouers by 'n hoof omdat 'n bepaalde onderwyser nie sy werk doen nie, maar niks gebeur nie omdat die hoof sy personeel beskerm. Dit is dan wanneer 'n beheerliggaam moet kan optree en sê dit is nie in die belang van gehalte-onderrig dat niks gedoen word nie."

Dr. Elda de Waal, verbonde aan die skool vir onderwyswetenskappe aan die Vaaldriehoek-kampus van die Noordwes-universiteit, meen ook dit is 'n knap voorstel om beheerliggame mede-aanspreeklik te hou vir gehalte-onderwys.

Volgens haar beklee beheerliggame vrywillig die posisies en kan hulle nie hul hande soos Pontius Pilatus in onskuld was as onderrig nie na wense is nie.

"Dit is ouers se goeie reg om deur die beheerliggaam te sê as onderrig van hul kinders tekort skiet. Hulle behoort dié sake met die hoof en sy personeel te kan opneem."

De Waal is meer daaroor bekommerd dat beheerliggame dikwels nie hul bevoegdhede en verantwoordelikhede verstaan nie.

Sy sê in die praktyk is daar voorbeelde van onderwysers wat byvoorbeeld glad nie vir werk opdaag nie, of wat aanvoer dat hulle nie die inhoud van hul vakke verstaan nie. "Ouers het 'n plig om op te tree en dié soort gedrag onder die departement se aandag te bring."

Dr. Rika Joubert, 'n onderwysregkenner aan die Universiteit van Pretoria, meen egter dit is nie só eenvoudig nie.

Volgens haar word ouers se aanbevelings in aanstellings glad nie meer geag nie en is hul inspraak baie beperk.

Sy sê ouers kan nie aanspreeklik gehou word vir die gehalte van werk wat onderwysers doen nie, om die logiese rede dat hulle nie daar is om te sien wat in die klaskamer aangaan nie.

Sy meen dit is die verantwoordelikheid van die onderwysdepartement wat hul salarisse betaal.

Die publiek het tot 28 Mei kans om kommentaar te lewer op die voorstelle wat in die Staatskoerant gepubliseer is.